P.O.Box 1131, OUDTSTHOORN, 6620 082-7734901 davesus@telkomsa.net www.swdtweekamp.co.za



*EDEN TWEEKAMP•BIATHLON*

# VOORSITTERSVERSLAG

**2019-2020**

P.O.Box 1131, OUDTSTHOORN, 6620 082-7734901 davesus@telkomsa.net www.swdtweekamp.co.za


# EDEN TWEEKAMP: VOORSITTERSVERSLAG

Dit is vir my aangenaam om my voorsittersverslag te kan voorlê, ons eerste virtuele vergadering en ook Eden se eerste virtuele AJV. 2019/2020 seisoen of jaar was `n besonderse jaar met opwinding en baie onsekerheid, nie net vir Eden Tweekamp nie, maar ook die res van die land en ander sport kodes.
Die aankondiging van die nasionale inperking en kansellasie van alle sportbyeenkomste het nie net Eden Tweekamp ongelooflik geraak nie maar die hele land se Tweekampfamilie het daaronder gelei. Baie atlete en gesinne was alreeds gepak en gereed vir die groot reis na Oudtshoorn vir die 45ste SA Kampioenskappe - wat nie kon realiser nie!

Die besture van SA Tweekamp- en Griekwasbesture het ooreengekom om die SA Kampioenskappe weer aan Eden toe te ken vir 2021 om te probeer verged vir die Eden-verlies weens die on voorsiene kansellasie en pandemie wat die wêreld getref het. Dus sal Eden Tweekamp die 2020/2021 SA Kampioenskappe se gasheer wees.

Ek sou nie veel hierdie jaar gedoen gekry het as dit nie vir Dave van der Walt was wat elke tree saam my was nie en nooit te besig was vir `n oproep indien ek vasbrand of nie weet wat om te doen nie. Eden Tweekamp is so dankbaar vir oom Dave wat die leisels gevat het met die reëlings vir die SA`s en so ook na dit gekanselleer is. Hy is beslis `n staatmaker in die sportwêreld. Terseldertyd ook wil ek vir Leana Robinson uitsonder wat altyd bereid was om laat nagte en vroeg oggende te sit met uitslae – baie dankie!

Eden Tweekamp moes ook afskeid neem twee atlete - een van hulle `n jong dinamiese tweekampatleet, William Ellman asook Pieter vd Mescht een van Eden Tweekamp se top senior atlete en die man wat Tweekamp op Beaufort-Wes aan die gang gehou het. Eden Tweekamp betreur hulle heengaan en hulle sal altyd deel wees van die Eden Tweekampfamilie. Eden Tweekamp het ook afskeid geneem van `n jare lange vriend en busbestuurder oom Trevor. Baie dankie vir die duisende veilige myle…….

Sport in Suid-Afrika in die algemeen, stel groot uitdagings tans, veral die finansiële en logistieke uitdagings en die nuwe normaal wat Covid- 19 veroorsaak het. Ernstige aandag sal aan transformasie gegee moet word, nuwe inovasies om byeenkomste glad kan laat verloop met al die regte protokols en reels, sal gevind moet word. Spesiale aandag gaan ook aan atlete met gestremdhede asook vrouesport gegee word. Daarby raak die beskikbaarheid van vrywillige administrateurs alhoe kleiner! Ons as Eden Tweekamp het `n klein handjie vol mense wat altyd bereid is om te help en dus sal ons werk moet maak daarvan om meer ouers en skole verteenwoordigers betrokke te maak tydens die liga-byeenkomste om as beamptes op te tree.

HIGHGATE Volstruisplaas, in al sy glorie as ankerborg, en die formaat van onthaal tydens die HIHGATE INTERPROVINSIAAL, blyk na 2 jaar steeds 'n wenner te wees. Baie mense wat die onthaal bywoon kan Highgate en Eden Tweekamp net prys vir hierdie ongelooflike aand. Ek is seker die bestuur gaan nog vir lank die pad saam met Johan Keller van Highgate stap! Ons deel in hulle verliese met die Covid-inperking. Mag dit net beter gaan in 2021! Ook die Groter Oudtshoorn Munisipaliteit en die Weskaapse Departement van Kultuursake en Sport was weer deel van die beplanning in 2020 asook die 2021 SA Kampioenskappe. Die loodsprojek vir Nasionale Skolekompetisie het bewys dat dit gekom het om te bly! Eden Tweekamp hoop om hierdie jaar meer skolespanne betrokke te kry met Outeniqua, Oakdale en KPS wat besonders goed gedoen het as die Eden verteenwoordigers skole by die Highgate Interprovinsiaal 2020.

**ONTWIKKELING**






As deel van die Ontwikkelingsprogram vir die seisoen het Eden Biathlon `n ontwikkelingskliniek op 15 Oktober 2019 aangebied by Laerskool Knysna. 41 Atlete het die kliniek bygewoon en is afgerig deur twee van die beste afrigters in Suid Afrika Johan Windt (hardloop) and Sybeth Hughes (swem). Die kliniek was aangebied deur Eden Biathlon en was gereël deur Dave vd Walt en Abigail McKay.

**KAPASITEITSONTWIKKELING**

Die Kapasiteitsontwikkelings projek kon nie plaasvind weens Covid.

***CARRY OVER – CAPACITY WORKSHOP 2020***

*All of us are informed about what happened the last month and it hit sport in our area very hard. The last capacity workshop in EDEN was organised to coincide with the last week before the SA Biathlon Championships [20/21 March] in order to also cover most of our officials and parents being involved at the national event. This could not be hosted as the Covid 19 virus took front stage and all meetings and events were cancelled.*

*Eden Biathlon hereby request permission that this capacity workshop that will concentrate on women en disabled be carried over to the 2021 financial year. At present we cannot give a date as we are not sure about the lockdown ending and the re-opening of schools. We definitely plan to host the capacity workshop during the winter period.*

**"DOUBLES"-BYEENKOMS [Dinsdag 28 Februarie 2020 in Oudtshoorn]**

***WIPMY EDEN DOUBELS-BIATHLON***

GOEIE BEGIN vir die 2020-seisoen van tweekamp in die EDEN is ingewy met die tradisionele WIMPY DUBBELS-byeenkoms. Die kompetisie is besonders in die opsig dat twee atlete 'n span vorm en dan doen elke atleet net een van die bene – of hardloop of swem. Elke atleet se punte behaal word dan saamgevoeg om die wenners te bepaal! Hierdie byeenkoms het nie sonder negatiewe gebeure plaas gevind nie gedurende die byeenkoms het die rekenaar gevries en kon nie die punte verwerk nie maar met vlink dink en goeie admin mense kon ons `n besluit neem om die resultate die volgende dag bekend te maak en dit was presies wat gebeur het.

Op 28 Februarie het 28 spanne deelgeneem aan die jaarlikse tradisionele Doubles byeenkoms. Vanjaar het Wimpy Oudtshoorn die pryse geborg. Baie geluk aan die volgende podiumwenners:

1 Herman Knoetze en Dirko Nienaber 2280
2 Thegan Kuyler en Codi Minnaar 2250
3 Luke Scott en Luke Pretorius 2195

- Beste nie tweekamp atleet Dames: Amy van Wyk
- Beste nie tweekamp atleet Mans: Dirko Nienaber



**INTERPROVINSIALE BYEENKOMSTE**

Eden het die afgelope jaar aan twee interprovinsiale byeenkomste deelgeneem – OP Interprovinsiaal [PE,19 Okt 2019] en HIGHGATE Interprovinsiaal [Oudtshoorn, 1 Feb 2020]. Die HIGHAGTE byeenkoms is deur Eden en Boland aangebied.

**OP INTERPROVINSIAAL – PORT ELIZABETH [19 Okt 2019]**

Die EDEN Tweekampspan het aan die OP Interprovinsiale Byeenkoms in Port Elizabeth deelgeneem. Die hardloopkomponent is op die Westbourne Oval afgehandel terwyl die swem in die puik Newton Park swembad geskied het – in heerlike weersomstandighede!

Die Eden Tweekampspan van 64 atlete het tweede geëindig in die spankompetisie met Grens derde en Suid-Vrystaat vierde. OP was die wenners.

In die proses het Eden ook 10 medaljes ingepalm:

- Conrad Gouws S/8 Goud
- Karli Lotter D/11 Goud
- Elize Smook D/17 Goud
- Tiaan Els S/19 Silwer
- Walter Lutsch MVet Silwer
- Morgan Jones S/13 Brons
- Jandri Snyders D/17 Brons
- Damian Smith SN Gpud
- Landre Cope SN Goud

**HIGHGATE/DCAS/GROTER OUDTSHOORN INTERPROVINSIALE TWEEKAMP [2 Feb 2018]**

Die 29ste **HIGHGATE/DCAS/GROTER OUDTSHOORN Interprovinsiale Tweekampbyeenkoms** word deur kenners as een die beste interprovinsiale byeenkoms in Suid Afrika beskou en in 2020 was dit weereens `n besonderse byeenkoms. DCAS/GROTER OUDTSHOORN/HIGHGATE Interprovinsiaal het gesorg vir 5 SA, 5 Byeenkoms en 8 Provinsiale rekords! SA rekords is daargestel deur Marille Bass [WP], Johan Windt

[EDEN], Micheal Forbes [GRENS], Tricia Rix [WP] en Archie Markgraaff [S-OVS]. 616 atlete het ingeskryf wat dit die grootste inter provinsiaal maak. WP het die spanbeker gewen gevolg deur Boland, OP en Eden. DieBurgermeester van Oudtshoorn, rdl Colan Sylvester, was die gasspreker by die geleentheid. As die sukses van die byeenkoms 'n aanduiding is van die SA Kampioenskappe van 20/21 Maart op Oudtshoorn, wag daar 'n groot skouspel.





Die vier top-atlete by vanjaar se HIGHGATE was:

| | |
|---|---|
| Senior Victor Ludorem | Johan Windt [Eden] en Micheal Forbes [Grens] - deel dit |
| Senior Victrix Ludorem | Kelly Vroom [WP] |
| Junior Victor Ludorem | Matthew van Coller [OP] |
| Junior Victrix Ludorem | Anke Serfontein [OP] |

EDEN kan spog met 4 medaljes:

| | | | |
|---|---|---|---|
| MM | Johan Windt | 2410 | [SA Rekord] |
| MM | Edie Lutsch | 1863 | |
| SB | Damian Smith | | |
| SB | Landre Cope | | |

'n Hele paar ander EDEN-atlete het die medaljes net-net gemis:

| | | | |
|---|---|---|---|
| D/9 | Emma Lotter | 2242 | 4 |
| S/9 | Ruben Gouws | 2349 | 4 |
| S/15 | Landre Botes | 2213 | 4 |
| D/17 | Michelle Human | 2166 | 4 |
| VET | Walter Lutsch | 2272 | 4 |
| S/17 | Stef Schoeman | 2137 | 5 |
| D/17 | Cara Bergh | 2157 | 5 |
| D/15 | Jada Coetzee | 2204 | 7 |

Die eregas was die Weskaapse Departement van Kultuursake & Sport Minister, me Anroux Marais. In haar toespraak het sy die belangrikheid van talent-identifikasie op vroeë ouderdom genoem en weer eens bevestig hoe belangrik 'n gesinsport soos tweekamp vir gesonde ontwikkeling en leefstyl vir almal is! Eden Tweekamp wil net alle borge en donateurs bedank vir hulle ondersteuning – dit was vanjaar die 26ste keer wat HIGHGATE Volstruisplaas die byeenkoms borg!

SA 2020 Oudtshoorn TWEEKAMPBIATHLON

EDEN TWEEKAMP•BIATHLON

P.O.Box 1131, OUDTSTHOORN, 6620 082-7734901 davesus@telkomsa.net www.swdtweekamp.co.za


*"Eden Sport Federation of the Year 2019"*

**BIATHLON 4 BREAD**

Gedurende die inperking het Eden Biathlon die projek aangepak Biathlon 4 Bread. Gesinne het ingespring en die projek aangepak. Mense het borge gekry om hulle huise te hardloop en soos alles wat Eden Tweekampers aanpak, is hierdie projek ook volstoom aangepak.

*Ons as EDEN Tweekampgemeenskap is geseënd, woon in 'n wonderlike deel van die land en is meer as behulpsaam. Graag wil ek 'n beroep op ons EDEN Tweekampgemeenskap doen om deel te word van hierdie projek wat ons begin het - kry iemand om jou te borg per lengte swem in julle swembad of elke keer wat jy om julle huis hardloop - en ondersteun die HERBERG KINDERHUIS op Robertson! Die weeshuis het juis 101 jaar gelede ontstaan gedurende die griep-pandemie van 1918! Hulle het 122 sorgbehoewende kinders wat hulle moet versorg en deels as gevolg van die Dovid 19 pandemie het donasies opgedroog en verkeer hulle in ernstige nood!*





Een van die top tweekamp-gesinne, die Lutsche van George, het hulle staal getoon en dadelik die "BIATHLON 4 BREAD" uitdaging aanvaar. Tussen ouma Edie, pa Walter, Emma en Quintus, het hulle die mooi bedrag van R500 bygedra tot die HERBERG Kinderhuis! Pragtige voorbeeld!

**OPERASIONELE BESTUURDER**

Mnr. Dave v.d Walt was aangestel as Eden Tweekamp se Operasionele Bestuurder in 2017 en lewer `n besonderse diens aan Eden Tweekamp soos ons almal hom ken hy gaan beslis die ekstra myl en is altyd bereidwillig om te help waar hy kan en raad gee. `n paar van sy pligte hierdie jaar was as volg.

- Reëling van byeenkomste;
- Reëling van Ontwikkelingsprojekte en kapasiteits-werkswinkels;
- Verkryging van borge teen kommissie [wat hy nie wou neem nie!];
- Aansoeke by regeringsliggame vir befondsing;
- Beheer oor die bates soos apparaat, waentjie, ens;
- Bywoon van vergaderings waar benodig

Hy het beslis die ekstra myl hierdie jaar gegaan en ons is dankbaar vir al sy hulp en tyd wat hy aan Eden Tweekamp gee. Hy is alreeds besig met reelings vir die SA 2021 kampioenskappe wat in Oudtshoorn sal plaasvind. Eden Tweekamp is besonders gelukkig om `n person soos hy deel te he van die span.

**FINANSIES**

Die finansies van EDEN Tweekamp is gesond soos aangedui deur die geouditeerde state wat deur Alice le Roux Ingelyf gedoen is. Alhoewel die kansellasie van die SA2020 `n groot terugslag was glo en vertrou ons dat Eden Tweekamp en so ook die Groter Oudtshoorn net sterker word en nog meer groei in die jare wat kom. Groot dank aan die Bestuur wat ten spyte van die hoë finansiële druk net die beste vir die

Sportsmans Warehouse winning starts here!
OUDTSHOORN
Western Cape Government
HIGHGATE OSTRICH FARM south africa
TWEEKAMP SA BIATHLON

EDEN-atlete doen en die kostes so laag moontlik hou. Dank moet ook gaan aan die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake & Sport, die HIGHGATE, Groter Oudtshoorn Munisipaliteit asook al die sekondêre borge en donateurs, wat deur hulle finansiële ondersteuning dit moontlik maak. 'n Groot dank ook aan ons ouditeure van baie jare, Alice le Roux Ing, in die besonder Stephanie Koegelenberg, wat altyd bereid was om op kort kennisgewing ons state onder beheer te kry!

**UITDAGINGS**

- Nuwe program
- Te min Beamptes
- Covid pandemie en sy gevolge

**BEDANKINGS**

Graag wil ek van hierdie geleentheid gerbuik maak om net die volgende persone en instansies te bedank:

- Alle ouers, onderwysers, afrigters, borge en belangstellendes wat dit vir EDENTV moontlik maak om te vorder;
- Aan die Eden Bestuur vir die flinke wyse waarop hulle tweekamp in die Eden bedryf en die tyd wat hulle opoffer asook die ondersteuning wat hulle my as voorsitter gebied het;
- Aan al Eden se borge, donateurs en vriende;
- Aan Johan Keller en HIGHGATE vir hulle jarelange ondersteuning en borgskap;
- SASKO vir hulle borgskap van sambrele & kazebo's tydens die HIGHGATE-byeenkoms;
- Die Departement van Kultuursake en Sport van die Weskaap, en in die besonder die plaaslike EDEN-kantoor [Jean Neethling & Dirk van der Westhuizen] vir hulle onbaatsugtige ondersteuning en fisiese bystand;
- Aan ons plaaslike media vir hulle volgehoue ondersteuning;
- Aan alle skole en klubs wat hulle beywer vir die ontwikkeling van ons sportsoort;
- Aan al ons atlete wat so getrou die ligabyeenkomste bywoon;
- Aan die munisipaliteit van Oudtshoorn en ander instansies vir die beskikbaarstelling van hulle fasiliteite en geriewe;
- Aan Yvonne, Dave, Abigail en Leana wat altyd net `n oproep weg is en op wie se knoppie ek kan druk teen alle tye
- Aan ons dierbare Vader wat ons die krag en genade gee om hierdie taak te verrig.

Ek dank u.

Stephnie McKay
Voorsitter

Sportsmans Warehouse winning starts here! OUDTSHOORN Western Cape Government Cultural Affairs and Sport HIGHGATE OSTRICH FARM